
4.6

TELEFOONLYNE

Beleidnommer: 029A/06/04

Bestek: Die beleid bevat die US se reëls ten opsigte van installering en verskuiwing van telefoonlyne.

Beleid:

Aansoeke om die installering van bykomende telefone of die verskuiwing van bestaande telefone moet 'n maand vooraf by Afdeling Informasietegnologie ingedien word deur 'n epos te rig aan telecom@sun.ac.za. Hierdie aansoeke moet die bylynnummer (indien toepaslik), US nommer van gebruiker, gebou(e), lokaalnummer(s), departement, kostepunt en datum waarop installering/verskuiwing gedoen moet word, insluit.

Telefoonnummers word aan 'n lokaal gekoppel en nie aan 'n personeellid nie. Telefoonnummers sal slegs in uitsonderlike gevalle verskuif word,. Die verskuiwingskoste moet deur die betrokke departement/afdeling bekostig word.

Installeringskoste van nuwe bykomende telefoonlyne moet deur die betrokke departement/afdeling bekostig word.

Installering- en verskuiwingskoste as gevolg van die oprigting van 'n nuwe gebou, aanbouing aan bestaande gebou, of herinrigting van bestaande gebou sal teen die betrokke projek bekostig word.

Kontak afdeling:

Informasietegnologie
